UNIVERSITY OF CAMBRIDGE INTERNATIONAL EXAMINATIONS
General Certificate of Education Advanced Level

**AFRIKAANS** | **9679/02**

Paper 2 Reading and Writing | **October/November 2013**

**1 hour 45 minutes**

Additional Materials: Answer Booklet/Paper

*4973906665*

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

If you have been given an Answer Booklet, follow the instructions on the front cover of the Booklet.
Write your Centre number, candidate number and name on all the work you hand in.
Write in dark blue or black pen.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.

Answer **all** questions in **Afrikaans**.
Care in the use of language and sentence construction will count in your favour.
Dictionaries are **not** permitted.

At the end of the examination, fasten all your work securely together.
The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Indien jy 'n vraestel/antwoordboek ontvang het, moet jy die instruksies op die voorste bladsy uitvoer.
Skryf jou sentrumnommer, kandidaatnommer en naam op al die stukke wat jy gaan inhandig.
Skryf met 'n donkerblou of swart pen.
Moenie krammetjies, skuifspelde, glanspenne, gom of vloeibare uitwisser gebruik nie.

Beantwoord **alle** vrae in **Afrikaans**.
Punte word toegeken vir taalgebruik. Goeie sinskonstruksie sal ook in jou guns tel.
Woordeboeke word **nie** toegelaat nie.

Maak seker aan die einde van die eksamen dat jou werk stewig vasgemaak is.
Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van 'n vraag gegee.



DC (SJW) 82455
© UCLES 2013

UNIVERSITY *of* CAMBRIDGE International Examinations

**[Turn over**

www.theallpapers.com

## Afdeling 1

Lees die volgende teks aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.

### Die etiket van Wie Sit Waar

Einde van die jaar is partytjietyd! Ondanks die resessie hou ons land se maatskappye darem nog kantoorpartytjies, verliefde paartjies hou aan om troues te reël, en gashere met *flair* organiseer nog steeds Nuwejaarsekstravaganzas vir al hulle vriende. Die weelde het opgedroog, die geskenke is minder oordadig en daar kom minder mense, maar die joligheid is steeds ’n vereiste.

Daar is een groot kopseer waarmee al die organiseerders van sulke geselllighede sit: tafelplasings. Die vraagstuk van Wie Sit Waar verg meer tyd, energie, diplomasie, samesprekings en kompromieë as wat die Verenigde Nasies in hul volle bestaan al moes oplos.

Hoekom kan ons nie net oor die weg kom en ’n bietjie goeie maniere kweek nie? Waarom kan ons nie net vir ’n paar uur één aand van die jaar sonder bitterheid langs mekaar sit nie? Hoe kan net die blote daad van langs iemand anders sit, ’n sosiale sinking so epies soos die groot skip “Titanic” s’n veroorsaak?

Ons is so onvolwasse! Ontwikkelde, intelligente, oënskynlik vriendelike mense kan nie met so-en-so gesels nie, want twintig jaar terug het iets tussen hulle skeefgeloop. Ek hoor hoe fluister organiseerders, hoe sug en peins hulle, oor wie se sitvlak op watter stoel moet of mag sit.

Natuurlik is dit menslik dat ons met sekeres oor die weg kom en ander nie. Vanselfsprekend bots persoonlikhede. Maar dalk kan ons mekaar by spesiale geleenthede darem seker net vir ’n kort rukkie verduur. Is dit dan só moeilik om iets te vind waaroor twee mense nie hoef te stry nie? Is dit só moeilik om oor die hittegolf te praat, oor Bafana-Bafana se onlangse prestasies of oor hoe lank jy deesdae vir ’n nuwe ID-boekie moet toustaan? Kan jy nie net hoflik wees, vriendelik glimlag en knik nie?

Dalk kan ons ’n lessie leer uit ons skooldae. As Juffrou gesê het jy sit dáár, dan het jy dáár gesit. Jou nuwe lessenaar-maat was, noodgedwonge, jou buurman vir die hele jaar lank. Julle tweetjies móés maar oor die weg kom, moes uitveërs en potlode by mekaar leen en saamwerk om antwoorde vir die venynige algebra-probleme te vind. En op die ou einde was dit so maklik om te doen! Skoliere is, in hierdie opsig, baie meer volwasse en gemoedelik as hulle ouers wat ongemanierd weier om ’n tafel te deel by die jaareindfunksie.

Verwerk uit: *Rooi Rose*

© UCLES 2013

www.theallpapers.com

1 Vind die woord in **die eerste twee paragrawe** van die teks wat ooreenstem met die volgende definisies:

***Voorbeeld***

***Vraag:*** ten spyte van
***Antwoord:*** ondanks

**(a)** besighede [1]

**(b)** pêlle [1]

**(c)** luukse [1]

**(d)** presente [1]

**(e)** enorme [1]

[Totaal: 5]

2 Herskryf die volgende sinne. Begin jou sinne met die woorde tussen hakies.

***Voorbeeld***

***Vraag:*** Einde van die jaar is partytjietyd. (reël 1) (Dit is tyd ...)
***Antwoord:*** Dit is tyd vir partytjie hou aan die einde van die jaar.

**(a)** Ondanks die resessie hou ons nog partyjies. (reël 1) (Partytjies...) [1]

**(b)** Dalk kom daar minder mense. (reël 4) (Minder...) [1]

**(c)** Daar is een groot kopseer waarmee al die organiseerders sit. (reël 6) (Organiseerders....) [1]

**(d)** Jy moet goeie maniere kweek. (reël 9) (Goeie maniere...) [1]

**(e)** Om langs iemand anders te sit, kan problematies wees. (reël 10–11) (Dit kan...) [1]

[Totaal: 5]


www.theallpapers.com

**3** Beantwoord die volgende vrae in jou eie woorde. Bepaal jou by die teks, **maar moenie sinne direk uit die teks oorskryf nie**.

*(Die begripstoets tel 15 punte en 5 punte word toegeken vir taalgebruik, dus 15 + 5 = 20.)*

**(a)** Verduidelik hoekom die skrywer dink dat ’n partytjie aan die einde van die jaar nodig is. (paragraaf 1) [1]

**(b)** Wat dui aan dat die beroep van organiseerder nie maklik is nie? (paragraaf 2) [2]

**(c)** **(i)** Identifiseer die vergelyking in paragraaf 3. [1]

**(ii)** Verduidelik, in jou eie woorde, wat die skrywer hiermee bedoel. [2]

**(d)** In paragraaf 4 noem die skrywer dat selfs mense wat ‘oënskynlik vriendelik’ voorkom soms onvolwasse kan optree.

**(i)** Wat beteken ‘oënskynlik vriendelik’? [1]

**(ii)** Wat is die rede vir mense se onvolwasse gedrag? [1]

**(e)** Waarom dink jy stel die skrywer voor ons praat oor die onderwerpe wat in reël 19–20, paragraaf 5 genoem word? [2]

**(f)** Bespreek vyf lesse wat volwassenes van skoolkinders kan leer. Grond jou antwoord op paragraaf 6. [5]

[Totaal: 20]

© UCLES 2013



www.theallpapers.com

**BLANK PAGE**

**BLAAI OM VIR AFDELING 2**


www.theallpapers.com

## Afdeling 2

Lees die volgende teks aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.

### Hoe goed is jou maniere?

Ons jongklomp word ten regte of onregte as ’n ongemanierde spulletjie beskou. Maar om kinders met goeie maniere groot te maak, is elke generasie se uitdaging en plig. Klagtes oor die jeug is so oud soos die mensdom self. Die jeug word maar altyd gekritiseer omdat hulle nog in die proses is om toepaslike sosiale en emosionele vaardighede te ontwikkel.

Die Griekse filosoof Sokrates het tweeduisend jaar gelede al geskryf: “Ons jeug is gemaksugtig; hulle is so koppig soos muile en minag outoriteit; hulle het nie respek vir ouer mense nie; hulle klets wanneer hulle moet oefen; hulle staan nie meer op wanneer ouer mense ’n vertrek binnekom nie; hulle praat teë; slurp hul kos op en tiranniseer hul onderwysers.”

Emsie Schoeman, die ghoeroe van etiket, sê goeie maniere kom neer op die respek wat een mens vir die gevoelens van ’n ander het. “Dis wenslik om mekaar nie aanstoot te gee nie, om ’n vriendelike atmosfeer te skep. ’n Goedgemanierde mens laat ander op hul gemak voel en het die selfvertroue om gemaklik in beide die staatspresidentswoning en in die eenvoudigste huis te wees. Kinders met goeie maniere is beskaafde mense met naasteliefde. Hulle is welkom in enige werk- of vriendekring.”

Dis ’n fyn kuns om vir kinders te leer om met waardigheid, respek en selfvertroue ’n eie mening te ontwikkel. Dit het dikwels meer te make met hoe jy iets sê, as met wát jy sê. Dieselfde inhoud kan blatant ongeskik klink, of bloot as ’n ander mening of perspektief oorkom. Ook is dit moeilik vir vandag se kinders om te weet wát om vir wié te sê. Baie volwassenes wil nie meer *ge*-oom of *ge*-tannie word nie en jak ’n kind maklik af met “Wie is jou Tannie? Ek is mos nie familie van jou nie!” Aan die ander kant wíl baie ouer mense so aangespreek word en sien dit juis as goeie maniere.

Die vraag bly staan: het kinders se maniere agteruitgegaan? Menige studie dui daarop dat dit nie die geval is nie. Tog is dit belangrik om te onthou dat kinders die volwassenes in hul leefwêreld napraat. As ouers tuis negatief, sonder respek en afbrekend van mense, die skool en onderwysers praat, doen kinders dieselfde. Emsie glo dat kinders wat uit huise kom waar daar liefde, stabiliteit en dissipline is, makliker aanpas en meer gemanierd reageer. Hulle tree spontaan met respek, humor, goeie smaak en maniere op.

Verwerk uit: *Rooi Rose*



www.theallpapers.com

**4** Beantwoord die volgende vrae in jou eie woorde. Bepaal jou by die teks, **maar moenie sinne direk uit die teks oorskryf nie**.

*(Die begripstoets tel 15 punte en 5 punte word toegeken vir taalgebruik, dus 15 + 5 = 20.)*

**(a)** Wat bedoel die skrywer as sy sê dat klagtes oor die jeug 'so oud soos die mensdom self' is? (reël 2–3) [1]

**(b)** Verduidelik hoekom dit onredelik is om jongmense as onbeholpe of ongemanierd te kritiseer, volgens paragraaf 1. [2]

**(c)** **(i)** Identifiseer die vergelyking in paragraaf 2. [1]

**(ii)** Verklaar wat Sokrates hiermee bedoel. [1]

**(d)** Lees weer die eerste sin van paragraaf 3 (reël 9–10). Omskryf in jou eie woorde hoe Emsie Schoeman goeie maniere definieer. [2]

**(e)** Verduidelik wat die voor- en nadeel daarvan is om iemand as 'tannie' of 'oom' aan te spreek. (paragraaf 4) [2]

**(f)** Lees weereens paragraaf 5.

**(i)** Hoe kan ouers hulle kinders slegte maniere leer? [3]

**(ii)** Hoe kan ouers hulle kinders goeie maniere leer? [3]

[Totaal: 20]

**5** **(a)** Vind **vyf** ooreenkomste tussen die twee artikels wat illustreer hoekom goeie maniere 'n voordelige karaktereienskap is. Identifiseer en bespreek elke ooreenkoms kortliks. Skryf ongeveer 100–120 woorde. [10]

**(b)** Dink jy jongmense in **Suid-Afrika** het beter maniere as die jeug in ander lande? Motiveer jou antwoord in ongeveer 50 woorde. [5]

[Taalgebruik: 5]

[Totaal: 20]

© UCLES 2013

www.theallpapers.com

**BLANK PAGE**

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

University of Cambridge International Examinations is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which is itself a department of the University of Cambridge.

© UCLES 2013



www.theallpapers.com